Oor die Afrikaanse Sintaksis

DEUR

Dr. J. J. LE ROUX, B. A.

I

WOORDGROEPE EN VOLSIN

SWETS & ZEITLINGER
AMSTERDAM
1923

203653

OOR DIE AFRIKAANSE SINTAKSIS

I

WOORDGROEPE EN VOLSIN

Oor die Afrikaanse Sintaksis

DEUR

Dr. J. J. LE ROUX, B. A.



UITGAWE VAN
SWETS & ZEITLINGER
KEIZERSGRACHT 471, AMSTERDAM
1923

DRUK VAN DIE FIRMA P. HARTE - BERGEN OP ZOOM

VOORWOORD.

Dis seker merkwaardig dat daar tot nog toe betreklik meer ernstige werk gemaak is van die historiese verklaring van Afrikaanse taalverskynsels as van opsetlike gedetailleerde beskrywing van die verskynsels self. Hierdie feit word tot op sekere hoogte daardeur verklaar, dat daar nog maar 'n korte tyd verloop het sedert Afrikaans algemeen erken is as 'n geskikte taalvorm vir skriftelike gebruik en dus ook op skool geleer word. Maar vir 'n groot deel is dit ook daaraan toe te skrywe, dat die stoot tot die wetenskaplike studie van Afrikaans gegee is deur buitelandse geleerdes, vir wie die verklaring van meer belang was as die beskrywing. Die beskrywing is dus hoofsaaklik gegee omdat dit 'n noodsaaklike vereiste was om tot 'n verklaring te kan kom. So 'n beskrywing moet egter uiteraard eensydig en onvolledig wees en die gevaar vir skewe voorstellinge is daarby groot. Maar daarby is 'n fragmentariese beskrywing ook nie sonder gevaar vir die verklaring wat daarop gebaseer word nie, veral as dit nodig is om daarvoor gebruik te maak van bepaalde teorieë. Daarom het dit my die beste gelyk om in die eerste plaas 'n onpartydige beskrywing van die feite te gee, en eers daarna te sien of dit ook moontlik is om die feite te verklaar. Om 'n ideale verklaring te gee is egter nie alleen 'n beskrywing van die teenswoordige stand nodig nie, maar ook van die toestand onmiddellik voor die ontstaan van Afrikaans en van die oorgange wat tussen toe en nou lê. Maar daarvoor is die nodige gegewens nie voorhande nie, en ons kan ook nie hoop dat dit ooit volledig die geval sal wees nie. Nie alleen is ons stellige kennis van die lotgevalle van ons taal in Suid-Afrika self uiters beperk nie, maar ook

van sy Europese voorouers in die tyd van sy ontstaan en van die ander tale wat daar veranderend op ingewerk het, is ons kennis heeltemal ontoereikend.

Om die algemene gang te kenskets sou ons die geskiedenis van die Afrikaanse taal kan indeel in die volgende vier tydperke:

(1). *Die sewentiende eeu*, d.i. die tyd toe Nederlanders, Vlaminge en Nederduitsers hulle in Suid-Afrika gevestig het en daar nie alleen in aanraking gekom het met 'n nuwe land en klimaat nie, maar ook met ander blanke en gekleurde rasse. Dit was die tyd van die ontstaan van Afrikaans.

(2). *Die agtiende eeu*, d.i. die tyd toe Kaapstad nog wel in voortdurende voeling met Europa gebly het, maar die bewoners van die binneland steeds dieper en dieper die wildernis ingetrek het en hulle afsondering van die buitewêreld groter en groter geword het. In hierdie tyd het die lewensvatbare deel van die veranderinge wat in die sewentiende eeu ontstaan het, bestendig en uitgebrei geword. Maar deur die afsondering het ook heel wat van die ou erfenis verlore gegaan, en as weerspieëling van die nuwe lewensomstandighede is ook nuwe taalvoorraad geskep. Teen die end van die agtiende eeu val ook reeds die ontmoeting met die Bantoe-ranse wat 'n tydlang 'n gevaar opgelewer het vir die bestaan van die Afrikaanse volk. Deur die lae trap van ontwikkeling waarop hierdie rasse gestaan het, het hulle taal egter weinig direkte invloed op Afrikaans uitgeoefen.

(3). Met *die neëntiende eeu* en die permanente anneksasie van die Kaap deur die Engelse breek die tydperk van verdrukking aan, waarin selfs die bestaan van Afrikaans bedreig word. Die verdrukking bring egter steeds kragtiger verset teweeg en in plaas van te beswyk vermeerder die weerstandsvermoë van Afrikaans. Nuwe Republieke word gestig waar (Hoog)Hollands die offisiële taal is en in die Kaap ontstaan die beweging ten gunste van Afrikaans as skryftaal, wat al spoedig 'n beskeie literatuur in die lewe roep, waaronder ook studies oor die taal self.

(4) Na die end van die Boere-oorlog kom in die begin van *die twintigste eeu* die opbloei van die Afrikaanse literatuur, verdiepte taalstudie — nou ook deur Afrikaners self — en die offisiële erkenning van Afrikaans deur verskillende toonaangewende liggame.

Van hierdie tydperke het die ontstaansperiode, die interessantste en tewens die moeilikste tyd, tot nog toe die meeste aandag geniet. Maar hoewel veel opgehelder is, is eenstemmigheid oor die belangrikste probleme nog lank nie bereik nie en is veel nog in duisternis gehuld. Dit het onlangs opnuut geblyk by die verskyning van twee omgewerkte herdrukke: *Oor die ontstaan van Afrikaans* deur Dr. D. B. Bosman en die twede druk van *Het Afrikaans* deur Prof. Dr. D. C. Hesseling (verskene nadat hierdie boek reeds afgedruk was). Ondanks al die diskussies wat sedert die eerste druk van hierdie werke plaasgevind het en die groter voorraad gegewens waaroor ons nou beskik, is daar oor die vernaamste verskilpunte tog weinig toenadering te bemerk tussen die skrywers van hierdie werke.

Die agtiende en die eerste helfte van die neëntiende eeu is die tyd wat nog minste bestudeer is en alsnog 'n ryke veld vir ondersoek oplewer. Aan die tyd wat tussen die ontstaan van die Eerste Taalbeweging en nou val is wel wat meer aandag gewy, maar ook daar lê nog 'n ontsaglike veld braak, soos o. a. daaruit blyk dat die plaaslike taalverskille nog hoegenaamd nie sistematies bestudeer is nie, en dat ons nog altyd wag op 'n enigsins omvangryke woordeboek van Afrikaans.

Anders as dié skrywers oor Afrikaans wat begin met teoretiese beskouinge oor die duistere aanvangsperiode, het ek vir hierdie studie dus uitgegaan van 'n beskrywing van die teenswoordige vorme van ons taal en om dié beskrywing te gee is dan ook die eerste doel van my studie. Daarvoor het ek so ver as moontlik gebruik gemaak van werke wat in verskillende dele van die land geskrywe is en wat verskillende genres van literatuur verteenwoordig. Maar terselfder tyd het ek, met gebruikmaking van die historiese feite wat

ons bekend is, probeer om die afsonderlike verskynsels op grond van inwendige gegewens ook histories te verklaar — en dit is die twede doel van my studie. As die hele Sintaksis op dié manier behandel is, wie weet of dit dan nie moontlik sal wees om ook 'n derde doel te bereik nie, n.l. om 'n historiese oorsig van die ontwikkelingsgang van die Afrikaanse Sintaksis — as onderdeel van die Afrikaanse taal — te kan skrywe nie.

Ondertussen spreek dit van self dat 'n werk wat sulke ongebaande weë soos hierdie betree, in baie opsigte onvolledig moet wees; en dat dit ook van ander tekortkominge moet krioel — niemand weet dit beter as die skrywer self nie. Vir wat bereik is, is ek dank verskuldig aan 'n aantal persone waaronder ek in die eerste plek noem Prof. de Vooys en vervolgens Profs. Borchling, Hesseling, Meinhof, Vercoullie, Ries en Bouman en Drs. Lasch en Bosman.

INHOUD.

	bls.
Inleiding. Die begrip Sintaksis	1—16
BESKRYWENDE SKETS VAN DIE AFRIKAANSE SINTAKSIS	17—237
Inleiding	17—20
DEEL I. DIE WOORDREEKSE EN WOORDGROEPE	21—192
HOOFSTUK I. Die Woordreekse	21—23
HOOFSTUK II. Die Substantiefgroep en Pronomengroep	24—109
A. Substantief + Adjektiewiese Woord	24—65
(1) Substantief + Adjektiewiese Woord (in enger sin)	25—41
(2) Substantief + Eintlike Adjektief	41—61
(3) Substantief + *ou*	61—63
Leungroep: Substantief + Adjektief	63—65
Subst. + Adj. met Werbum as bindwoord	65—65
B. Substantief + Adwerbium	66—68
C. Substantief + Substantief	68—109
(1) Leungroep	69—70
(2) Gelykmatige aksent	71—78
(3) Eenheidsaksent	78—83
(4) Buigingsuitgang	83—88
(5) Pronominale vorme	88—98
(6) Preposiesies	98—108
(7) Konjunksies	108—109
HOOFSTUK III. Die Adjektiefgroep	110—119
A. Adjektief + Substantief	110—117
B. Adjektief + Adwerbium	117—119
C. Adjektief + Adjektief	119—119
HOOFSTUK IV. Die Werbumgroep	120—182
A. Werbum + Substantief	120—157
(1) Die Werkwoord is 'n volbegrip	120—136
(2) Die Werkwoord is 'n relatiewe begrip	136—147
(3) Die Werkwoord is lid van 'n kompositum	147—157
B. Werbum + Adjektief	157—166
(1) Die Werkwoord is 'n volbegrip	157—160

bls.

(2) Die Werkwoord is 'n relatiewe begrip 161—162
(3) Die Werkwoord is lid van 'n kompositum 162—166
C. Werbum + Adwerbium 167—173
(1) Die Werkwoord is 'n volbegrip 167—172
(2) Die Werkwoord is lid van 'n kompositum 172—173
D. Werbum + Werbum 173—179
Posiesie van die bepaling of voltooiing 179—181
HOOFSTUK V. Die Partikelgroep 183—192
I. Bindwoord 183—185
II. Adwerbium 185—187
A. Adwerbium + Adwerbium 185—187
B. Adwerbium + Substantief 187—187
III. Preposiesie 188—190
IV. Interjeksie 191—192
DEEL II. SINNE, SINSREEKSE EN SINSGROEPE 193—237
HOOFSTUK I. Inleiding 193—200
HOOFSTUK II. Die Volsin 201—237
Kenmerke van die predikatiewe verbinding 202—216
Musikale eienskappe 216—220
I. Bewerende Volsinne 221—227
II. Bevelende Volsinne 227—232
A. Gebod 227—230
B. Wens 230—232
III. Vraende Volsinne 232—235
IV. Uitroepende Volsinne 235—237
Verbeteringe en Toevoegsels 239—239
Lys van verkort gesiteerde bronne 240—241
Lys van geraadpleegde literatuur 242—248

Inleiding.

DIE BEGRIP SINTAKSIS.

Apollonius Dyscolus, die skepper van die sintaktiese wetenskap, gee die volgende verklaring van die naam σύνταξις, wat hy vir hierdie nuwe afdeling van die Grammatika gekies het: „Soos die letters deur hulle samevoeging die lettergrepe tot stand bring, so sal ook die verbinding van die gedagtes wat in die woorde opgeslote lê in sekere mate 'n samevatting tot stand bring deur die samevoeging van die woorde; en soos verder uit die lettergrepe die woord, so ontstaan ook uit die reëlmatige opeenvolging van die woorde, die in hom self beslote, selfstandige sin." [1]) Die bewoording is ouderwets, maar die bedoeling is duidelik! Met die terme συντάσσειν en σύνταξις wou hij — in die woorde van Steinthal — te kenne gee „dass es sich in der Syntax immer um die Verknüpfung zweier Wörter handelt und dass man nicht eigentlich von der Syntax *eines* Wortes reden kann." [2]) Die oudste Hollandse grammatisie [3]) gee — soos in hulle dae gebruiklik was — hierdie vakterm weer met 'n letterlike vertaling: *t'samenvoeghing*, respektiewelik *tsamenvouginge*.

In die praktyk het die term Sintaksis egter gou anders gebruik geword as die bedoeling van Apollonius was en as die Hollandse vertaling te kenne gee. Die oorsaak hiervan is die dienende rol wat die Grammatika tot voor kort gespeel het. By die Grieke en Romeine was die Grammatika die dienares van die Logika en die Retorika; sedert die Renaissance het sy in diens van die Humanisme as middel gedien om dit vir die geleerdes moontlik te maak om goed Latyn te kan praat en skrywe. Haar vernaamste taak was dus om praktiese reëls op te stel vir die aanleer van Latyn en om vas te

[1]) Naar die Duitse vertaling van Buttmann, aangehaal deur Ries, *Was ist Syntax*, bls. 69.

[2]) Gesiteer deur Ries, t. a. p. bls. 70.

[3]) Spieghel, *Twe-spraack vande Nederduitsche Letterkunst* (1584). Van Heule: *De Nederduytsche Grammatica* (1626).

stel wat klassiek was; en toe daar langsamerhand spraakkunste ontstaan het in die moderne Europese tale, het hulle die kentekene van die Latynse Grammatika bly dra. Die indeling en terminologie was op teoreties-logiese beskouinge naar Latynse en Griekse model gebaseer, en die inhoud het bepaal geword deur die strewe om 'n klassieke norm aan te gee. En dié norm was, ondanks die algemene versekering van die teendeel wat die skrywers gewoonlik gee, dikwels nie deur die spraakgebruik self bepaal nie, maar verkry deur redeneringe oor sierlikheid en bruikbaarheid. So gee in Holland die skrywer van die Twe-spraack die versekering: „Wij hebben na ons beste vermoghen in desen ghetracht om onze taal uyt haar zelfs grond in ghoede schicking, door haar eyghen natuurlyke buyghing ende vervoeghing te brenghen." Maar die inhoud bewys dat die strewe naar „ghoede schicking" dikwels swaarder gewee het as die begeerte om 'n natuurgetroue afbeelding van die taal te gee. En Christiaen van Heule kies tot spreuk vir sy „Grammatica ofte Spraec-konst" die woorde van Horatius:

Multa renascentur quae jam cecidere, cadentque
Quae nunc sunt in honore vocabula si volet *usus*,
Quem penes arbitrium est, et jus et norma loquendi.

Ook hy gee die versekering „dat wy in ons voornemen, bedwongen geweest zijn, ons zelven nae het gemeyn gebruyk ende niet het gebruyk na ons eygen oordeele te vougen," maar hy is daar tewens trots op, dat hy sy spraakkuns „nae de manier der Grieken ende Latynen" geskrywe het.

Sulke algemene verklaringe, wat in die praktyk maar skraal toegepas is en wat vroeër eintlik glad 'n ander betekenis gehad het as vir moderne taalgeleerdes, bly nog lank in de mode. Selfs die eerste Nederlandse spraakkuns [1]) wat in Suid-Afrika geskrywe is, dra nog as leuse die mooi woorde van Lambert ten Kate: „De taelwetten zijn even als de Landwetten, van achteren *te vinden* en niet *te maken*". En tog

[1]) A. N. E. Changuion: *De Nederduitsche Taal in Zuid-Afrika hersteld* [2], 1848, (1e Druk, 1844).

was die doel van Prof. Changuion met sy boek om die natuurlike ontwikkeling wat die Hollandse taal in Suid-Afrika deurgemaak het, te niet te doen en „het Nederduitsch ..... te herstellen".

Eintlik het dit eers in die allerjongste tyd sover gekom, dat die taalstudie uitgegroei het tot 'n selfstandige tak van wetenskap, wat om sy eie ontwil moet bestudeer en volgens die geaardheid van die onderwerp self ondersoek moet word. Die werk van Lambert ten Kate [1]) in die agtiende eeu moes vergeet word omdat hy sy tyd te ver vooruit was; eers deur Rasmus Rask [2]) Franz Bopp [3]) en die gebroeders Grimm [4]) word die grondslae van die moderne taalwetenskap gelê. Gelyktydig met die ontstaan van die grootse nuwe gebou moes die ruïenes van die oue stukkie vir stukkie opgeruim word. Hierdie moeilike werk kon slegs uiters langsaam vorder en duur nog voort. Naas die verouderde terminologie en die logiese bande werk veral belemmerend 'n verkeerd gerigte gemaksug wat van die taalwetenskap bo alles reëls en voorskrifte verlang, ook al is hulle in stryd met die taalwerklikheid self. Die gevolg is dat selfs in Europa nog maar 'n kleine kern die eise van de nuwe taalwetenskap deurgrond; en in Suid-Afrika het die feit dat tot kort gelede daar geen onderrig in die Afrikaanse moedertaal gegee is nie, en dat dié toe binne enkele jare algemeen gebruiklik geword het vir skriftelike doeleindes, baie daartoe bygedra dat die opvattings wat daar oor Taal heers, dikwels herinner aan die wat in die sestiende en sewentiende eeu in Holland gangbaar was.

'n Belangrike vereiste vir die beoefening van 'n selfstandige wetenskap, en dus ook van die taalwetenskap, is 'n behoorlike indeling van die stof. So lank as die taalstudie maar net 'n diensbare gebly het, kon daar maar min sprake wees van 'n indeling naar die inwendige behoeftes van die studie self;

[1]) *Aenleiding tot de Kennisse van het Verhevene Deel der Nederduitsche Sprake* (1723).
[2]) 1787 — 1832.
[3]) 1791 — 1867.
[4]) Jakob, 1785 — 1863; Wilhelm, 1786 — 1859.

maar toe dit 'n selfstandige wetenskap geword het, het sy beoefenaars ook gaan soek naar 'n indeling van dié aard. En wat geld van die vak as geheel, geld ook van die onderdeel Grammatika. Die ou Grammatikas bevat, behalwe heterogene elemente soos Prosodie en die Afleiding van woorde, gewoonlik drie hoofafdelinge: Spelling en Uitspraak (Klankleer); Verbuiging en Vervoeging (Vormleer) en Samevoeging of Woordvoeging (Sintaksis). Reeds by die eerste twee afdelings ontbreek deurgaans 'n deurlopende sisteem, wat betref die stof wat hulle bevat en die indeling daarvan. En die laaste deel is dan 'n gerieflike vergaderbak vir alles wat daar geen plek voor was in die voorafgaande nie! Die produk wat hierdie sisteemloosheid in die derde deel van die Grammatika opgelewer het, is dan ook tereg beskrywe as 'n *Mengelsintaksis*. So 'n mengelsintaksis, wat in verskillende grade van vermenging nog te kry is, selfs in resente werke van eminente taalgeleerdes, kon o.a. bevat: verhandelinge oor die wese en gebruik van die woordsoorte en oor die gebruik en betekenis van die fleksievorme; en daarnaas 'n behandeling van die sinsbou of gedeeltes daarvan, met veelvuldige oorskrydinge op die gebied van die Stylleer en die Retorika. Daarby is die manier van behandeling ook gemengd en gaat dit die een keer van die vorm, die ander keer van de betekenis uit. [1])

Die nuwer wetenskap eis egter dat daar, net soos vir ander onderdele van die taalstudie, ook vir die Sintaksis 'n behoorlik afgebakende terrein sal aangewys word. Die poginge om dit te doen het in twee taamlik ver uiteenlopende rigtinge gegaan en twee heel verskillende sisteme in die lewe geroep. Die eerste beskrywe „Sintaksis" as die „Leer van die Sin" en het 'n groot aantal aanhangers gekry. Die twede, wat vir 'n deel ook nog op logiese oorweginge berus, [2]) word naar die naam van sy skepper, [3]) die sisteem-Miklosich genoem

[1]) Naar Ries, *Was ist Syntax?*

[2]) Vgl. Wundt, *Die Sprache*, II, bls. 223-5.

[3]) In sy *Vergleichende Grammatik der slavischen Sprachen* (1883).

en beskou die „Sintaksis" as die „Leer van die betekenis en gebruik van die verskillende woordsoorte en woordvorme". Albei sisteme gee dus goed afgeslote, hoewel onderling verskillende, terreine aan vir die Sintaksis. Maar in 1894 het John Ries in 'n baanbrekende werk: *Was ist Syntax?* 'n nuwe eis gestel: Die Sintaksis moet nie alleen 'n terrein bestryk wat op 'n eenheidsbeginsel aangelê en goed afgebaken is nie, maar dit moet ook pas in 'n goeie indeling van die Grammatika as geheel.[1]) En hieraan beantwoord geen van beide voorgaande stelsels nie. Die stelsel wat uitgaan van die opvatting: „Sintaksis is Sinsleer" kom — soos Ries aantoon — tot 'n indeling van die Grammatika in die leer van (1) die klank; (2) die woord; (3) die sin. Dit staan gelyk met 'n reeks soos: woonvertrek — huis — stad. Dit is egter nie 'n behoorlike reeks nie; 'n goeie reeks sou vir nommer (3) eis 'bewoonde plek' in plaas van 'stad', want anders is die betekenis te eng; en net so is 'sin' nie 'n suiwer kollektief van 'woord' nie, maar het dit 'n te enge betekenis daarvoor. Iedere klankverbinding wat 'n selfstandige draer van 'n betekenis is noem ons naamlik 'n woord, maar nie iedere woordgroep wat 'n eenheid vorm en 'n betekenis het, 'n sin nie. 'n Behoorlike reeks sou dus moet lui: klank — woord — woordverbinding.

Die sisteem-Miklosich daarenteen laat geen ruimte oor vir 'n samehangende behandeling van die volsin en sy vorme nie; dit behandel (in afsonderlike afdelinge) die vorm en betekenis van die afsonderlike woorde en verwaarloos die woordverbindinge self, wat tog oòk 'n vorm het; en eindelik word in dié sisteem onder die naam Sintaksis twee ongelyksoortige onderwerpe behandel, want die vorm van die woorde dien gedeeltelik om die verband met ander woorde weer te gee en gedeeltelik om 'n saaklike betekenis uit te druk.

Prof. Ries het hom dus afgevra, of daar geen eenheidsbeginsel bestaan wat kan toegepas word by die indeling van

[1]) Vgl. ook J. Ries: *Zur Gliederung der Syntax und der Gesamtgrammatik.* (Anz. für Idg. Sprach- und Altertumskunde, Idg. Forschungen, Bd. XXIV.)

die hele Grammatika in sy onderdele nie. Hy meen dat die grootte van die elemente waaruit die menslike taal bestaan, so 'n beginsel aanbied. Naar hierdie gesigspunt verdeel hy dus die Grammatika in: 1. Klankleer; 2. Woordleer; 3. Woordverbindingsleer. Woord en Woordverbinding kan weer ieder beskou worde naar sy vorm of sy betekenis, sodat ons dan hierdie onderverdeling moet kry:

1. Klankleer
2. Woordleer { a. Vormleer / b. Betekenisleer
3. Woordverbindingsleer { a. Vormleer / b. Betekenisleer.

Sintaksis is dus, volgens Ries, die leer van die vorm en betekenis van die woordverbindinge (Wortgefüge). Hierdie groepering van die twee laaste dele is net mooi om deur afsonderlike hokkies grafies voorgestel te word. Hier volg die Duitse hokkies met hulle Duitse opskrifte:

Objekt {		Einzelwort	Wortgefüge
Betrachtet im Bezug auf die		**Wortlehre**	**Syntax**
Form	**Formenlehre**	I Lehre von den formen der Worte (Wortarten nach formalen Gesichtspunkten und Flexionslehre).	III Lehre von den Formen der syntaktischen Gebilde.
Bedeutung	**Bedeutungslehre**	II Lehre von der Bedeutung der Worte, ihrer Arten und Formen.	IV Lehre von der Bedeutung der syntaktischen Gebilde.

Hierdie sisteem, wat volgens sy samesteller, gebaseer is op 'n uiterlike kenmerk, lyk op die eerste gesig pragtig en vreeslik eenvoudig met sy parallelle vakkies; maar ongelukkig is dit nie altyd so gemaklik om te weet in watter kraaltjie 'n gegewe stukkie taal geja moet word nie. Maar eers moet

ons nog daarop wys, dat daar vir die Klanke nie ook twee kraaltjies bestaan nie; die parallellisme tussen vorm en betekenis loop dus nie deur die hele sisteem nie, om die eenvoudige rede dat klanke wat nie tot woorde verbind is nie, geen eie betekenis het nie. Die Klankleer is dan ook heeltemal anders geaard as die ander twee aangegewe afdelings van die Grammatika: 'n Klank is 'n fisiologiese eenheid, woorde en woordverbindinge is psigologiese eenhede. En dat daar 'n eenheidsbeginsel deur die stelsel sou loop is meer skyn as werklikheid. Trouens die ontwerper self beweer wel dat die stelsel uitgaan van 'n formele, uiterlike kenmerk van die taalelemente — n.l. hulle grootte — maar sy eie definiesie van die term Woord is nie alleen op die formele kenmerke van die woorde gegrond nie, maar ook op hulle inhoud. Vergelyk blss. 46-47: „Jede Lautverbindung. die überhaupt zum selbständigen Träger eines Sinnes geworden ist"; bls. 46: „Das Wort, das allein mit selbständigen geistigen Gehalt erfüllte Lautgebilde"; bls. 48: „zu neuen (verhältnismässig) selbständigen Einheiten verbundene Laute d. h. Wörter." In die praktyk is dit nie altyd so maklik om uit te maak wanneer 'n klankverbinding die draer is van 'n selfstandige geestelike inhoud en wanneer nie. Dit sal bevoorbeeld by baie uitroepe moeilik wees om 'n grens te trek. Die selfstandigheid van die s.g. vormwoorde is dikwels baie twyfelagtig en hulle geestelike inhoud is dieselfde as die van baie buigingsuitgange — wat nie vir woorde aangesien word nie. Ander s.g. 'Woorde' het 'n aanvulling nodig om draers van 'n geestelike inhoud te word en in nog ander gevalle het ons twee formeel van mekaar geskeie elemente, wat tesame die draers van een stukkie geestelike inhoud is.

Dieselfde moeilikhede ontmoet ons as ons moet onderskei tusschen 'n Woord en 'n Woordverbinding. In die geval van samestellinge is dit dikwels onmoontlik om formele kenmerke te vind wat 'n skeidslyn kan aangee [1]) en ook die taalgevoel stel in uitdrukkinge soos: *landbou- en ander produkte* die

[1]) Vgl. Blümel: *Einführung in die Syntax*, § 208.

samestelling en woordverbinding op een lyn. [1]) Uitdrukkinge soos *hé jy* (*het jy*) en *ek weet* word deur ons as twee woorde geskrywe, maar in Latyn word dieselfde betekenisinhoud deur een woord uitgedruk en gewoonlik word hulle ook in moderne tale as 'n enkele eenheid gevoel. [2]) Darenteen skrywe ons wel *dis* (< *dit is*) en *nes* (< *net as*) as een woord.

Sulke moeilikhede met grensgevalle kom egter by iedere wetenskaplike klassifikasie voor. Die tekortkominge van hierdie sisteem kom meer tiperend voor die dag, waar dit blyk, dat ondanks die beoogde doel om die Grammatika in te deel in afdelinge wat behoorlik uit mekaar gehou kan word, daar tog verskynsels is wat onder meer as een rubriek tuis hoort. So behoort die behandeling van woordvorme soos die Akkusatief volgens bowestaande indeling tot die Woordleer, maar, daar die gebruik van iedere Akkusatief bepaal word deur sy verbinding met ander woorde, moet dit ook onder die Woordverbindingsleer behandel worde. Op dieselfde manier is daar sekere klankverskynsels (woord- en sinsaksent ens.) wat deur die onderlinge verbinding van die woorde bepaal word, en dus nie alleen in die Klankleer nie, maar ook in die Woordverbindingsleer moet bespreek word. Die enigste oplossing van hierdie moeilikhede is, soos Prof. Ries duidelik aangetoon het, om uit te gaan van praktiese oorweginge en telkens soveel te behandel as nodig is vir die onderwerp wat onder bespreking is. Iedere deel van die Grammatika het 'n ander 'held' om te beschrywe: die Klankleer, die afsonderlike klank; die Woordleer, die afsonderlike woord en die Sintaksis, die woordverbinding. Maar hieruit blyk dat die formele kenmerke van die taalelemente alleen nie voldoende is om 'n indeling van die Grammatika op te baseer nie. Die verskillende onderdele is daarby *anders geaard;* telkens gaan ons uit van 'n ander gesigspunt, en dit moet ons in gedagte hou as ons die formele indeling in die praktyk wil toepas.

By die behandeling van die 'Sin' stuit ons op 'n soortgelyke

[1]) Idem, § 213.

[2]) Vgl. van Ginneken: *De Kataloog van een Taalmuseum.* (N. Taalg. V).

moeilikheid. Daar is sinne wat maar uit een woord bestaan en dus — voor sover daar nie 'n verbinding met woorde in ander sinne aanwesig is nie — naar hulle vorm in die Woordleer sou moes behandel word. Ook woordgroepe vorm soms eenledige sinne, wat dus formeel geen verbinding van sinselemente aanwys nie; uitgaande van die standpunt, dat Sintaksis 'verbindingsleer' is, sou 'n mens hierdie groepe ook nie onder die 'Sin' mag behandel nie. Tog wil Ries al hierdie eenledige sinne ook in die sintaksis behandel. [1]) Hy gee aan die hand, dat by die woordleer, kortliks melding daarvan sal gemaak word dat daar woorde bestaan wat die funksie van sinne kan hê en dat hulle dan uitvoerig sal behandel word by die samenhangende bespreking van die 'Sin'. Dit is 'n praktiese noodsaaklikheid, want dis onmoontlik om hierdie woorde afdoende te behandel as daar nie eers 'n uiteensetting gegee is van die betekenis van die 'Sin' nie, en as 'n mens die sin tweemaal moes behandel sou dit ook nie 'n aanbeveling vir die sisteem wees nie. Maar daarmee gooi Ries die hele prinsiepe van sy indeling onderstebo. Hy beskou mos die sin as 'n onderdeel van die kollektiewe begrip 'woordverbinding', en as hy hieronder sinne wil behandel wat nie uit woordverbindinge (of verbindinge van woordgroepe) bestaan nie, dus nie beantwoord aan die formele vereistes van sy indeling naar formele kenmerke nie, dan gee hy toe dat dit onder omstandighede wenslik kan wees om af te wyk van die beginsel waarop die indeling berus. Ook lê die vermoede voor die hand, dat hierdie konsessie berus op die oorweging, dat eenledige sinne geanaliseer kan word in die twee elemente: Subjek en Predikaat en uit dien hoofde 'n behandeling vereis wat samehang met die van sinne waarin die twee elemente ook formeel uitgedruk is. Maar as die reg van 'n dergelike analiese in die Sintaksis erken word, dan moet 'n mens ook toestaan dat ander woorde op dieselfde manier geanaliseer word. In die sin: *Hy kog die plaas* b.v., kan die enkele woord 'kog' geanaliseer word in die twee elemente: (1) die

[1]) Vgl. *Was ist Syntax?* bls. 30 en blss. 48—9.

handeling; (2) die tyd van die handeling. 'n Mens kan dit wenslik beskou om sulke gevalle samehangend te behandel met ander gevalle waar twee afsonderlike woorde gebruik word om die twee elemente uit te druk, soos in: *Toe koop hy die plaas.* Of in die sin: *Julle het dit gedoen,* kan 'n mens die woord 'julle' analiseer in die twee elemente: (1) benoeming van persone; en (2) hulle verhouding tot die spreker. En dit kan onder omstandighede wenslik wees om sulke sinne gesamentlik te beskou met sinne soos: *Julle Boesmans het dit gedoen,* waar twee woorde gebruik word om dieselfde twee elemente uit te druk. Maar wat word dan van die definiesie 'Sintaksis is woordverbindingsleer'? Moet 'n mens dan nie tot die gevolgtrekking kom, dat ook die skerpsinnige en skynbaar heldere indeling wat Ries van die Grammatika gegee het, op onoorkoomlike moeilikhede stuit nie en dat daar eintlik geen indeling volgens 'n eenheidsbeginsel moontlik is nie, om die eenvoudige rede dat die stof wat behandel moet worde daarvoor te ongelyksoortig is? En verder, dat solank as die Sintaksis naas 'n Woordverbindingsleer 'n volledige leer van die sin moet bevat, in hierdie onderdeel van die Grammatika twee ongelyksoortige onderwerpe moet behandel word nie? Tereg beweer Hermann Paul dan ook: [1]) „Diesen Bemühungen um konsequente Disposition liegt eben die Verkennung der eigentlich selbstverständlichen Tatsache zugrunde, dass sich geschichtlich gewordene Verhältnisse nicht in ein logisches System einpressen lassen. Noch weniger kommt man damit zurecht, wenn man auch die geschichtliche Entwickelung darstellen will." Tog gee dit ons nie die reg om sonder sisteem te werk te gaan nie. Sou dit nie moontlik wees om 'n sisteem uit te vinde, wat meer op die verskillende geaardheid van die onderwerpe wat in die Grammatika moet behandel word as op die formele kenmerke van die taalelemente gebaseer is nie? Tot nog toe het niemand daarin geslaag nie.

Die bestaande Grammatikas, ook die nuwes, bly die vraag:

[1]) *Deutsche Grammatik* III, bls. 8.

„Wat is Sintaksis"? verskillend beantwoord en dieselfde geld van afsonderlike sintaktiese studies. In Duits is Erdmann sy bekende *„Grundzüge der Deutschen Syntax"* [1]) volgens die sisteem-Miklosich ingerig, dog by die behandeling van die afsonderlike woordsoorte kom ook hulle verbinding tot sinne ter sprake. Die voorgenome toevoegsel oor die „soorte en middels van sinsverbinding" het die voortsetter van sy werk agterweë gelaat. Wunderlich volg in *Der Deutsche Satzbau* [2]) ongeveer dieselfde lyne as Erdmann. Onder later grammatisie is die beroemste verteenwoordiger van wat Ries bestempel het as „Mischsyntax", Hermann Paul in die derde en vierde band van sy *„Deutsche Grammatik"*. Volgens hom is die Sintaksis „ein Teil der Bedeutungslehre und zwar derjenige, was schon das Wort sagt, dessen Aufgabe es ist, darzulegen wie die einzelnen Wörter zum Zwecke der Mitteilung zusammengeordnet werden". [3]) Die standpunt van Ries, dat daar 'n skeiding moet gemaak word tussen Woordleer en Sintaksis, het baie aanhangers gekry en is prakties toegepas o.a. in die *„Deutsche Grammatik"* van Wilmanns, wat egter deur sy dood verhinder geword het om die afdeling Sintaksis te skrywe; verder deur Ludwig Sütterlin in *„Die Deutsche Sprache der Gegenwart"* en deur G. Wendt in sy *„Syntax des heutigen Englisch"*, maar vir hulle albei beteken Sintaksis „leer van die sin", in die geval van Sütterlin met herroeping van die standpunt wat hy vroeër ingeneem het. Des te meer rede bestaan daar dus om met verlange uit te sien na die verskyning van die werk, waarin Prof. Ries hoop om 'n praktiese toepassing te gee van sy pleidooi om die Sintaksis te beskou as die „Lehre vom Wortgefüge".

Die enigste samevattende behandeling van die Nederlandse Sintaksis wat rekening hou met die nuwer opvattinge kom voor in die beknopte skoolgrammatika van Prof. van Wijk: *De Nederlandschse Taal, Handboek voor Gymnasia en*

[1]) 1e Deel, Stuttgart, 1886; 2e Deel, deur Otto Mensing, Stuttgart, 1898.
[2]) 1e Druk, Stuttgart 1892; 2e Druk, Stuttgart, 1901.
[3]) III bls. 3.

Hoogere-Burgerscholen; [1]) daarin word die sintaktiese afdeling beskrywe as „De Leer van den Zin" en word die woordvorming geskei van die orige woordleer. Ander werke, soos die van Den Hertog, [2]) Cosijn-Te Winkel, en Terwey, gee 'n mengelsintaksis. Dieselfde geld van die enigste drie samevattende beskrywinge van die Nederlandse sintaksis in vroeër tydperke: Stoett, *Middelnederlandsche Spraakkunst — Syntaxis*, [3]) gebaseer op die sisteem van H. Paul; Van der Veen, *Het Taaleigen van Bredero*, [4]) bewerk naar die model van Cosijn-Te Winkel; en Van Helten, *Vondel's Taal*[5]) — Deel II *Syntaxis*.

Het uit die voorgaande geblyk hoe moeilik dit is om 'n geskikte onderverdeling van die Grammatika te kry en in die besonder om te bepaal, watter plek 'n mens daarin aan die Sintaksis moet toeken, dan is dit tog heel wat makliker om die terrein van die Grammatika af te baken teenoor die inhoud van verwante studies. In die eerste plek dink 'n mens aan die *Woordeboek*. Ook 'n Woordeboek omvat, net soos 'n Grammatika, die hele gebied van 'n taal, maar terwyl dit die taak van 'n uitvoerige woordeboek is om sover moontlik *alle* indiwiduele gevalle op te noem, behandel 'n grammatika alleen dié gevalle wat onder reëls of klasse te bring is en gee dit alleen maar voorbeelde aan van die gevonde reëls en klasse. Nou verwant is verder die *Stylleer*, wat ook grotendeels met dieselfde stof as die Grammatika te doen het. Die verskil lê hierin dat die Grammatika die gegewens oor die taal en sy wisselende vorme moet verstrek en die Stylleer daar gebruik van moet maak vir 'n spesiale doel, n.l. óf om te bepaal in hoever 'n spreker of skrywer in bepaalde gevalle voldoen aan skoonheids- of realiteitseise, óf

---

[1]) 4e Druk, 1919, hersien deur Dr. W. van Schothorst.
[2]) Vgl. De Vooys: *Kanttekeningen bij Den Hertogs Nederlandse Spraakkunst*. (N. Taalg. I).
[3]) 2e Druk, 1909. Vgl. die resensie van G. Engels in N. Taalg. IV.
[4]) 1905. Vgl. die resensie van R. A. Kollewijn in Museum XIII.
[5]) 1883.

om te bepaal in hoever daar iets eiens in die styl van 'n bepaalde spreker of skrywer is. Die *Taalpsigologie* en die Grammatika beweë in parallelle rigtinge. Immers die Taalpsigologie hou hom besig met wat daar by die praat en hoor (of by die skrywe en lees) in 'n mens se gees plaasvind; die Grammatika beskrywe die klanke wat daarby geuit en gehoor (of deur skrif weergegee en deur lees verstaan) word. Die twee wetenskappe vul mekaar dus aan en verduidelik mekaar maar die eientlike doel waarom dit die eerste te doen is, is die inwendige gebeurtenisse self, terwyl dit die laatste te doen is om die taaluitinge wat daar die weerspieëling van is. By moderne taalgeleerdes dien die *Logika* hoofsaaklik vir sondebok. Dit kom deurdat vroeër geprobeer is om alle taaluitinge in die vorme van die sillogisme in te pers en om die taalmateriaal naar logiese groeperinge in te deel en dan die logiese korrektheid van iedere uiting te beredeneer. So 'n manier om te werk te gaan moet noodwendig tot verkeerde resultate lei, maar tog moet 'n mens nie vergeet dat alle normale denke volgens bepaalde wette plaasvind nie; en dié wette word deur die Logika ondersoek. Ook aan sulke logiese gedagtes word uiting gegee deur Taal — al is dit nie sy enigste funksie nie — en die psigologiese analogiewerking sal dus dikwels sterk beinvloed word deur logiese kategorieë.

Ons Afrikaanse taal wil ons graag so suiwer as moontlik hou. Is dit dan nodig om gebruik te maak van so 'n vreemde woord soos *Sintaksis*? Die vraag is: Wat kan ons in plaas daarvan stel? 'n Mens sou kon dink aan *Taalbou* en dan die woorde, woordverbindinge en sinne neem vir die stene, vakke en mure waaruit die taalgebou bestaan. Maar die term sou laat veronderstel dat ook die behandeling van die woordsoorte en woordvorme daaronder val en het dus 'n al te wye strekking om hier diens te kan doen. Ook kan hierdie term al te maklik aanleiding gee tot die verkeerde opvatting dat die taal buitekant die mens bestaan, en in werklikheid is dit niks anders as 'n uiting van 'n werksaamheid van 'n mens se gees nie.

'n Ander gebruiklike term is *Sinsbou* of *Leer van die Sin.* Wat hieronder verstaan moet word, hang af van die definiesie wat 'n mens van 'Sin' gee. Dit is nie nodig om vir hierdie doel die begrip 'Sin' te beperk tot die verbinding van subjekgroep met predikaatgroep nie, sodat hierdie term wel wyd genoeg opgevat kan word om alles in te sluit wat 'n mens graag daaronder wil behandel. 'n Ernstiger beswaar is dat die term gedeeltelik 'n skewe voorstelling gee van wat die onderwerp omvat. Weliswaar kom die betrekkinge wat behandel moet word alleen in sinne voor, maar dieselfde kan gesê word van alle 'woorde' en tog noem ons die behandeling van die woorde Woordleer. Daar hierdie laaste naam die voorwerpe noem wat behandel word en nie die plek waar hulle voorkom nie, sou 'n mens dit ook verwag van die naam Sinsbou. 'n Mens sou dan in die Sinsbou of Leer van die Sin 'n behandeling soek van die sin self en sy onderdele. Maar daar is ook woordverbindinge, (soos Substantief met Adjektief, Adjektief met Adwerbium), waarvan die onderlinge betrekkinge onafhanklik is daarvan watter onderdeel van die sin hulle vorm, en tog wil ons sulke verbindinge nie uitsluit nie. Daarenteen is daar ander verskynsels wat alleen in die sin optree en alleen in verband met ander woorde, (b.v. *die* word tot *nie* in *innie tuin*; *wat* word tot *wă* in *wajjy sê*) maar tog nie deur die onderlinge betrekking van die woorde veroorsaak word nie, maar deur hulle proksimiteit; sulke verskynsels behoort weer nie tot die gebied van die Sintaksis nie.

Die ouderwetse naam *Samevoeging* het 'n verklarende toevoegsel nodig om nie onverstaanbaar te wees nie. 'n Mens sal dan moet sê: "Samevoeging van Woorde"; maar hierdie naam is ongewens omdat dit 'n verkeerde indruk wek. Dit stel dit voor asof sinne verkry word deur woorde same te voeg, terwyl in die werklikheid die sinne die oorspronklikste is en die woorde — vir sover hulle nie saamval met sinne nie — eers na 'n historiese ontwikkeling as elemente daarvan gevoel is.

Leer van die Woordverbindinge is wel 'n omslagtige naam, maar sou bruikbaar wees as 'n mens in gedagte hou, dat fonetiese verskynsels soos die bowegenoemde daar nie onder val nie; maar deur dié benaming word die behandeling van die sinne wat uit enkele woorde bestaan, uitgesluit; en dat dit mag gebeur is tot nog toe deur niemand toegestaan nie.

Ten slotte is dit die beste om maar die vreemde woord 'Sintaksis' te behou, nie omdat ons dit met Ries eens is, dat dit "ein gutes und klares Wort" [1]) is nie, maar juis omdat so'n vreemde term uiteraard vir ons 'n enigsins vae betekenis het en ons dus nie by voorbaat bind, of op 'n al te eksklusiewe standpunt plaas nie.

Onder die vlag van hierdie woord behandel ons wat Ries ook daaronder verstaan, en dit ondanks die besware wat met reg teen sy indeling van die Grammatika kan ingebring word, soos ons op die voorgaande bladsye uiteengesit het. Daarby het die deurslag gegee, dat daar tot nog toe geen betere aan die hand gegee is nie en dat dit, gesien die aard (die verskillende geaardhede) van die stof, seer die vraag is of 'n goed sluitende indeling moontlik is. Ook het hierdie stelsel die groot verdienste, dat dit die volle nadruk lê op die formele kenmerke — wat in 'n grammatiese verhandeling so belangrik is. Prinsjpiëel sluit hierdie sisteem egter (hoewel sy ontwerper dit nie toegee nie) die behandeling van 'n deel van die eenledige sinne onder die sintaksis uit. Maar omdat dit gebruiklik is om alle soorte sinne daaronder te behandel, het ons dit ook gedoen. Dat ook hierdie sinne behandel word, moet beskou word as 'n toegif — as 'n konsessie aan wat nou eenmaal van 'n sintaksis verwag word — wat eintlik nie in die aangenome sisteem tuis hoort nie.

'n Praktiese moeilikheid wat die toepassing van hierdie sisteen baie beswaarlik maak, is dat ons jong Afrikaanse taalwetenskap nog geen wetenskaplike woordleer ryk is nie. Maar die gebied van die Sintaksis is so nou verwant met

[1]) *Was ist Syntax?* bls. 142.

die van die Woordleer, dat dit onvermydelik is om daar telkens na te verwys. As ek dus hier en daar my eintlike gebied oorskry, dan is dit aan hierdie leemte te wyt. En ek sondig in goeie geselskap en kan my op geen mindere voorganger as Otto Behaghel beroep nie, wat 'n soortgelyke standpunt as volg verdedig: [1]) „Wenn ich aber auch in allen Punkten Ries' Ansicht theilte über die Abgrenzung von Wortlehre und Syntax, so müsste ich doch Vieles aus der Wortlehre in meine Syntax übernehmen, weil es eben eine Wortlehre des Heliand nicht gibt. Und eine solche zu schreiben, weil ich eine Syntax des Heliand schreiben wollte, dazu würde ich mich nicht für verpflichtet halten", Lees "Afrikaans" in plaas van "Heliand" en 'n mens kry presies die standpunt waartoe niemand moet kom, wat 'n Afrikaanse Sintaksis wil skrywe.

In die besonder werk die ontbreek van 'n Woordleer belemmerend, omdat 'n mens by 'n behandeling van die Sintaksis verplig is om gedurig oor verskillende woordsoorte en woordvorme te praat. Van die woordsoorte en woordvorme bestaan daar egter geen bevredigende definiesies nie. En dit geld nie alleen van Afrikaans nie, maar ook van Europese tale. „De oude grammatische termen deugen nergens voor: noch voor de klassieke noch voor de moderne talen, de moedertaal inkluis", sê Dr. van Ginneken. [2]). Maar daar is nog g'n nuwe om die oue te vervang nie. Die pogings wat daartoe gedaan is, het maar min sukses gehad en bring voorlopig heel wat verwarring teweeg. Onder dié omstandighede is die enigste moontlikheid om die oues te gebruik, so goed en so kwaad as dit gaan, en wil ons maar hoop dat ons bedoeling met die gebruikte terme steeds uit die verband sal blyk.

---

[1]) *Syntax des Heliand,* bls. VI.

[2]) *De Nieuwe Nederlandsche spraakkunst en het Buitenland.* (N. Taalg. VI).

BESKRYWENDE SKETS VAN DIE AFRIKAANSE SINTAKSIS.

Inleiding.

1. As ons praat is ons psigies en fisies werksaam. By die psigiese werksaamheid kom eenhede en verbindinge van eenhede tot stand, wat met behulp van fisiese aktiwiteit in klanke weerspieël word. Sulke eenhede bestaan uit betreklik selfstandige begrippe en gewaarwordinge of verbindinge daarvan. Die kleinste selfstandige klankverbindige, wat 'n gewaarwording of 'n vir ons taalgevoel enkelvoudige begrip weerspieël, noem ons *woorde*. [1])

2. Die woorde kan ons weer verdeel in *Volwoorde* (d.i. eintlike *begripswoorde*), soos: *eina, huis, mooi* en *Vormwoorde* (ook genoem *Bindwoorde* of *Betrekkingswoorde*), soos: *vir, en, se*. Die laaste klas het geen duidelike begripsinhoud nie, maar gee 'n soort van wisselende gevoelsindruk weer, wat afhang van die verband waarin hulle gebruik word. Daar hulle verbinding met ander woorde los en wisselend is, kan hulle egter tog as afsonderlike eenhede beskou word. [2]) Wat die inhoud betref staan hulle op een lyn met prefikse en suffikse, maar hulle is nie so eng vasgeknoop aan bepaalde woorde nie. 'n Tussenklas vorm die woorde wat 'n *Betreklike Begrip* uitdruk. Hulle het wel 'n eie begripsinhoud, maar dié inhoud is verbonde aan 'n ander begrip. Daaronder val: *deelbegrippe*, soos: *kop [van die perd], pond [suiker]* en *verhoudingsbegrippe*, soos: *broer [van die predikant], behoort [aan my]*. Daarnaas staan *leë begrippe*, soos: *hou hom [parmantig]*. [3])

---

[1]) Vgl. Wundt, *Die Sprache* I, blss. 593-4. — Delbrück, *Grundlagen der Nhd. Satzlehre*, blss. 16-17. — Sütterlin, *Deutsche Sprache der Gegenwart*, bls. 87. — Noreen, *Einführung in die Wissenschaftliche Betrachtung der Sprache*, blss. 433-47.

[2]) Naar Wundt, *Die Sprache* I, bls. 596.

[3]) Naar Sütterlin, *Deutsche Sprache*, bls. 90.

Opm. by §§ 1-2. Dis nie altyd so maklik om uit te maak of 'n begrip enkelvoudig is of nie; die taalgevoel werk taamlik willekeurig. So voel ons as enkelvoudige begrippe: *pereboom, ek loop,* [Hy] *het gewerk, gaan weg* maar as meervoudige begrippe: *pereboom, ék loop,* [hy] *hét gewerk, gaan jy weg.*

3. Die kleinstes van die beskrewe eenhede — wat ons *woorde* noem — kan same weer groter selfstandige eenhede vorm, waaraan ons die naam *woordverbindinge* [1]) gee. Die samehorigheid van die woorde blyk uit wederkerige invloed van vorm of betekenis. Tot die woordverbindinge hoort *woordreekse* en *woordgroepe.* 'n *Woordreeks* (Duits: Wortreihe, Erweiterungsgruppe) is so 'n groter eenheid waarin neweskikking van die onderdele plaasvind. Die dele word gelykberegtig naas mekaar gestel, b.v. *manne, vroue en kinders.* Ons kan 'manne' die *leidende lid* en 'vroue' en 'kinders' die *opvolgende lede* van die reeks noem. In 'n *woordgroep* (Duits: Wortgefüge, Bestimmungsgruppe) is die lede aan mekaar ondergeskik, hulle is afhanklik van mekaar, die een beheers en die ander word beheers. Die heersende of leidende lid word ook die *kern,* die beheerste of afhanklike lid (lede) ook die *bepaling(e)* genoem. Die heersende lid kan dikwels daaraan herken word, dat dit die grammatiese vorm van die afhanklike lid bepaal; b.v. in *[Idereen] prys hom* is 'prys' die heersende lid en 'hom' die beheerste, omdat die Akkusatief 'hom' deur 'prys' bepaal word. Waar die grammatiese vorm geen aanwysing gee nie, kan die kern daaraan herken word, dat dit nie alleen in betrekking staan tot die bepaling(e) nie, maar ook tot woorde buitekant die groep, terwyl die afhankelike lid (lede) enkel in betrekking tot ander lede van die groep staan. In die woordreeks het ons 'n losse verbinding, in die woordgroep 'n enge verbinding. Tussenin staan *Half-enge Verbindinge* wat ons *Leungroepe* sal noem, soos: *die messelaar, die oue; Christian Wet, die groot Generaal.*

[1]) Van Ginneken (Leuvensche Bydragen VII) vertaal *Wortgefüge,* soos deur Ries gebruik, met *Constructie,* 'n term wat my te dubbelsinnig lyk om oorgeneem te word.

4. Dieselfde reekse- en groepe-formasies neem ons ook by die sinne waar.

5. *Sintaktiese Middele:* Die betrekkinge tussen woorde kan deur A. *uitwendige* en B. *inwendige* middele uitgedruk word.

A. Uitwendige middele is:

1. Die vorm van die woorde, b.v. *Hy sien my* (nie 'ek' nie); *'n kind des doods* (met genitiefsuitgang).

2. Bindwoorde, b.v.: *Die man en die vrou; vis nog vlees; hy staan voor die deur; die hand van vriendskap.*

3. Die Woordskikking. Vergelyk b.v.: *Die man sien die koei* met *Die koei sien die man.*

4. Klemtoon, toonshoogte, tempo — die sogenaamde musikale middele. Vergelyk b.v.:

Ek sê dit nié (d.i. die handeling, t.w. sê, kom nie tot stand nie)
met: *ék sê dit* (d.i. 'n ander sê dit miskien, maar ek nie)
en: *ek sé dit nie* (maar ek dink dit miskien);
of: *en jy het dit gedoén?*
met: *en jy het dit gedoèn;*
of: *hand / in die sy!* (bevel)
met; [Hy staan] *hand in die sy* (beskrywing).

B. Inwendige middele is:

1. Die betekenis van die woorde:

(a) Daardeur is een verbinding moontlik en 'n ander nie, b.v. *'n Berg sien die man voor hom* (*'berg'*: objek, *'die man'*: grammatiese subjek).

(b) 'n Deelbegrip of 'n verhoudingsbegrip of 'n woord met 'n leë begrip gaan van self saam met die aanvulling, b.v. *'n pond botter; 'n glas melk;* [A. W. du Toit], *W. A. - Seun; 'n geweer-maker;* [hy] *lyk moeg.*

2. Die klas of soort waartoe die woorde deur oorlewering behoort. Die s.g. Lidwoorde gaan b.v. altyd saam met Substantiewe, waarmee hulle een begrip vorm b.v. *'n [baie sterk] man.* In: *Sy pa boer self daar,* verbind ons *'self'* met *'pa'*, sowel as met 'boer', omdat dit deur oorlewering tot 'n

adjektiewiese klas behoort. As in plaas van *selƒ* die Adwerbium *selfs* moes staan, dan sou ons dit, al naar die aksent verbinde met 'boer' óf 'daar'. In die loop van tyd gaan die woorde egter veelvuldig oor van die een klas in die ander.

6. Gewoonlik word van meer as een middel gelyk gebruik gemaak om 'n sintaktiese verbinding tot stand te bring.